# Nuusweek

*Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.*

Nommer 68, Jaargang 2 | 29 Mei - 04 Jun 2026 | www.pretoriafm.co.za

Pretoria FM

**Laai af en deel op al jou WhatsApp-groepe**





[Foto: Johan van der Watt]

# ONS OESTE VERDRINK


Rentekoerse styg 04

Ramaphosa het 50/50-kans 05




28-jarige se organe red talle 06

Heinrich Marnitz terug op die lug 08





**THERON`S LENDE VARKRIBBETJIES - `n WINTER BEDERF VIR OUD EN JONK !**

THERON'S



THERON`S VARS LENDE VARKRIBBETJIE **R121.00 per kg** – THERON`S HOUTGEROOKTE LENDE VARKRIBBETJIE **R155.00 per kg**

Theron's bied **GEHALTE VEISPRODUKTE**, teen **GROOTHANDELPRYSE**, direk aan Jan Publiek. Volg ons op Facebook onder die blad opsie: "Theron's Meat Products." Hier vind jy jou inligting en pryse, **GAWE RESEPTE** en kuier ons 'n hond uit n bos uit!

Besoek ons by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes 0183. **WHATSAPP +27760770437**



# As ons gaan lê is dit tot niet

*James Kemp*

Met die vrugte byna gereed om gepluk te word, was die ontnugtering vir boere in die Oos-Kaap groot toe hulle skielik aan die begin van die maand deur swaar reën en oorstromings getref word. Vrugbare bogrond is weggespoel en verwoes en op plekke het daar net rivierklippe agtergebly. Daarbenewens is bome, besproeiingstoerusting en spilpunte weggespoel see toe. Dit is nog te vroeg om die skade te bereken, maar dit sal waarskynlik miljoene beloop, indien nie miljarde nie.

Een van die boere in die Gamtoosvallei wat swaar getref is, Eben-Louw Bezuidenhout, het self drie spilpunte verloor. Hy het aan Nuusweek gesê dat hulle nog nie kon vasstel of die vrugte wat aan die bome oorgebly het, gaan vrot en of hulle gaan afval nie. “Die tyd sal ons leer.”

Die Gamtoosvallei word hoofsaaklik bewerk deur sitrusboere wat hulle produkte uitvoer. Sommige boere plant ook groente.

“Die bedryf is uitdagend genoeg, met vol sitrusmarkte, die koste van die oorlog, en dieselpryse wat belaglik geword het. Jy het een oes per jaar met sitrus. Jy het die oes grootgemaak. Noudat dit gepluk moet word, is die grootste gedeelte van die oes weg. Boonop is jou bome weg, wat beteken dat jy volgende jaar se oes ook misloop. Wat nog gaan gebeur, is ’n bietjie duister vir ons.”

In die stadium is die boere besig om paaie en laagwaterbrûe te herstel om by plase en by huise uit te kom. Boere kry geen hulp van die regering af nie en moet hulle eie toerusting inspan om te red wat te redde is. Verder word daar gespuit om te probeer verhoed dat die bome wat oorleef het, wortelvrot ontwikkel of dat die vrugte aan die bome vrot.

Die volle omvang van die skade kan nie bereken word voor daar vasgestel is wat die skade aan die oes is nie. En met die riviere wat steeds sterk vloei en damme wat oorloop, kan baie boere nog nie in hulle boorde inbeweeg nie.

“Ek sit nou met mense wat ek moet betaal en ek kry nie inkomste nie.”

Bezuidenhout sê daar is wel ’n ondersteuningsnetwerk wat hulle moed inpraat en ook met toerusting bystaan. Een Karooboer het byvoorbeeld ’n trekker vir drie maande gratis beskikbaar gestel en ’n ander sy grondverskuiwingstoerusting.

“Jou emosies is ’n wipplank – op en af. Ek dink aan die begin, die eerste sewe dae,

*Na bladsy 3*



# As ons gaan lê is dit tot niet (vervolg)

[Fotos: Johan van der Watt]

*Van bladsy 2*

was skok en adrenalien. Van einde verlede week af het die werklikheid mens begin tref. Die een oomblik is jy nog oukei, die volgende is jy in 'n gat. Jy gaan maar deur sulke dips."

Maar van opgee is daar nie sprake nie.

"Ons weet as ons nou gaan lê, dan is dit tot niet. Ons glo dat ons oor twee of drie jaar gaan terugkyk en hierdie as 'n getuienis gaan gebruik van goedheid en guns. Ons loop in geloof."

**Indien jy by hulpverlening betrokke wil raak kan jy 'n e-pos stuur na nuusweek@pretoriafm.co.za.**





# Dawie Roodt: Reserwebank stuur regte boodskap

*Redaksie*

Die hoofekonoom van die Efficient-groep, Dawie Roodt, sê die Suid-Afrikaanse Reserwebank stuur die regte boodskap met 'n rentekoersverhoging van 25 basispunte. Rentekoerse sal van Vrydag af op 7% staan.



Die president van die Reserwebank, Lesetja Kganyago, het gesê die Monetêre Beleidskomitee het ooreengekom dat die inflasierisiko's verskerp en dat dit monetêrebeleidsreaksie noodsaak.

Dié besluit kom kort nadat die inflasiekoers in April tot 4% gestyg het wat onder meer deur oliepryse aangejaag is.

Roodt sê die Reserwebank het die regte besluit geneem, alhoewel dit niks aan inflasie gaan doen nie.

"Inflasie is water onder die brug maar dit help dalk om toekomstige rentekoersverhogings te verhoed."



# Ramaphosa het 'n 50/50-kans

*Seugnet van Zyl*

'n Klomp politieke domino-stukke kan nog omgestamp word in die oorlewingstryd wat nou vir pres. Cyril Ramaphosa voorlê.

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, verwag 'n felle aanslag teen Ramaphosa nadat die Nasionale Vergadering die week 'n afsettingskomitee tot stand gebring het om die Phala Phala-saak te ondersoek.

Die Phala Phala-afsettingskomitee bestaan uit 31 lede wat 16 partye verteenwoordig, Die werksaamhede van dié komitee kan moontlik daartoe lei dat Ramaphosa in 'n staat van beskuldiging geplaas kan word.

Duvenhage verwag dat die invalshoeke wyer sal strek as net Phala Phala.

"Ek dink hierdie komitee is baie, baie slegte nuus vir Ramaphosa. Ek reken hy gaan self ook getuienis moet lewer. Daar is 'n klomp goed rakende dié saak wat die president sal moet verduidelik."

Volgens Duvenhage sal die uitkoms van dié komitee die ANC self raak, sy rol in die regering en die regering van nasionale eenheid (RNE) en selfs die 2026-verkiesing, omdat die ANC se steun drasties begin afneem.

Duvenhage sê hy merk 'n aantal interessante insluitings op onder die lede wat op die afsettingskomitee sal dien.

Hy sonder eerstens Faith Muthambi uit, wat as oudminister saam met nege van haar kollegas die ANC sal verteenwoordig.

Muthambi was 'n stoere ondersteuner van oudpresident Jacob Zuma in haar termyn as destydse minister van Kommunikasie en later Staatsdiens.

Duvenhage sê Julius Malema as komiteelid is ook problematies.

"Wat is sy legitimiteit om daar te dien?" Mens moet dit bevraagteken, veral in die lig daarvan dat Malema onlangs skuldig bevind is in die vuurwapensaak teen hom.

Dan wonder hy ook oor dr. John Hlope, leier van die MK-party, wat op die nuwe komitee met 'n "albatros om sy nek" sal dien. Hlope was die eerste regter sedert die aanvang van demokrasie wat uit sy pos onthef is.

Volgens Duvenhage is die kleiner partye "totaal oorverteenwoordig" op die afsettingskomitee.

Dr. Pieter Mulder, meen Ramaphosa het 'n 50/50-kans om die aanslag van dié komitee te oorleef mits hy "taai" is.

Pres. Cyril Ramaphosa het die week sy aansoek by die Kaapse hooggeregshof ingedien om die verslag oor die Phala Phala-kwessie, wat gehandel het oor die sowat R8 miljoen in buitelandse valuta wat in 2020 op sy Phala Phala-wildsplaas in Limpopo uit 'n rusbank gesteel is, te laat hersien. Ramaphosa wil die verslag, wat deur 'n onafhanklike paneel oor die gebeure op sy plaas saamgestel is, nietig laat verklaar.

Die Nasionale Vergadering het op 13 Desember 2022 gestem om nie die verslag te aanvaar nie, maar die Konstitusionele Hof het onlangs bevind dié besluit is ongeldig.

Prof. Koos Malan, 'n konstitusionele juris van Pretoria, sê daar is geen regsgronde dat die afsettingskomitee te midde van die hersieningsaansoek nie met hulle ondersoekwerk sal kan voortgaan nie.

Malan sê daar is wel 'n risiko dat hulle werk van vooraf sal moet begin indien die president se hersieningsaansoek slaag.



**Lede van Phala Phala-afsettingskomitee:**

**ANC**
- Soviet Lekganyane
- Xola Nqola
- Cameron Dugmore
- Faith Muthambi
- Doris Dlakude (Mpapane)
- Boyce Makhosonke Maneli
- Mikatelo Golden Mahlaule
- Lusizo Sharon Makhubela
- Dikeledi Rosemary Direko
- Joyce Maimela (alternatiewe lid)

**DA**
- George Michalakis
- Baxolile Nododa
- Adv. Glynnis Breytenbach
- Karabo Khakhau
- Nazley Sharif

**MKP**
- Dr. John Hlophe
- Seeng Mokoena-Zondi
- Dr. Khanyisile Litchfield-Tshabalala

**EFF**
- Julius Malema
- Omphile Maotwe

**IVP**
- Nhlanhla Hadebe

**PA**
- Marlon Daniels
- Vryheidsfront Plus
- Wouter Wessels

**Action SA**
- Lerato Ngobeni
- Athol Trollip (alternatiewe lid)

**ACDP**
- Steve Swart

**UDM**
- Nqabayomzi Kwankwa
- Rise Mzansi
- Makaskhule Gana
- Build One SA
- Mmusi Maimane

**ATM**
- Voyolwethu Zungula

**Al Jama-ah**
- Imraan Ismail-Moosa

**National Coloured Congress**
- Fadiel Adams

**United African Transformation**
- Dr. Lehlohonolo Wonderboy Mahlatsi

# Ontploffing in Woolworths-winkel by Menlyn

*Redaksie*

Die polisie in die Tshwane-metro ondersoek 'n ontploffing wat vroeg Donderdagoggend by die Woolworths-winkel in Menlyn-winkelsentrum plaasgevind het.

Volgens voorlopige inligting is 'n onbekende ploftoestel omstreeks eenuur vanoggend binne die winkel geaktiveer.

Nooddienste en polisie-eenhede, insluitend die bomverwyderingseenheid en speurders, is na die toneel ontplooi.

Vyf werkers was tydens die voorval in die winkel, maar niemand is beseer nie.

Slegs voedselitems en rakke is tydens die voorval beskadig.

'n Saak ingevolge die Wet op Plofstowwe word ondersoek.







# Jong man (28) sterf skielik, red talle lewens as orgaanskenker: "Ons kind se dood was nie sinneloos nie"

*Redaksie*

'n Ouerpaar van Bloemfontein moes die onmoontlike besluit neem om die masjiene af te skakel nadat hulle seun breindood verklaar is, maar hulle vind berusting in die feit dat hy as orgaanskenker reeds talle lewens gered het.

"Dit is 'n besluit wat geen ouer behoort te neem nie. Om te besluit of jou kind lewe of sterf," sê Danie van der Berg.

Sy seun Deon (28) was op 18 Mei in 'n ernstige ongeluk waarin hy so erg beseer is dat hy kunsmatig aan die lewe gehou is. Dokters kon niks meer vir hom doen nie.

Danie en sy vrou, Susan, moes die hartverskeurende besluit neem om die masjiene af te skakel.

Maar hulle wou nie gehad het sy dood moes betekenisloos wees nie. Toe dokters vra of Deon 'n orgaanskenker was, het Danie eers nie veel daarvan gedink nie.

"Op daardie stadium treur jy oor jou kind en dit was die laaste ding waaraan ek gedink het."

Toe dokters die ouerpaar weer daaroor pols en vir hulle vertel hy kan talle lewens red, het hulle tog ingestem.

Deon is vir 'n paar dae aan die lewe gehou sodat hulle soveel as moontlik van sy organe kon oes.

Sy vel is vir brandslagoffers geoes, iemand gaan sy korneas kry, twee dogtertjies gaan elk 'n stuk van sy lewer kry, sy hart is vir 'n 34-jarige van Kaapstad bestem en die 25-jarige Arno Taljaard van Bloemfontein het onlangs een van Deon se niere ontvang.

Arno se ma het op Facebook geskryf: "Here, ons dink aan die familie wat deur die afskeid en verlies gaan. Wees naby aan hulle en hul hartseer. Gee troos, vrede en die sekerheid van u liefde."

Personeel by die hospitaal het glo "Amazing Grace" gesing toe Deon se liggaam na die teater geneem is om sy organe te oes.

Vir Danie en Susan bring dit troos om te weet dat soveel mense gehelp word, maar die skielike afsterwe van hulle jongste voel steeds vir hulle onwerklik.



*Deon van der Berg*

"Ek sal nooit daai oproep vergeet waar paramedici vir my sê my kind was in 'n ongeluk nie," sê Danie.

Deon was die oggend van 18 Mei naby Mimosa Mall in Bloemfontein in 'n ernstige ongeluk waar hy beheer oor sy motor verloor het en dit op sy dak te lande gekom het.

Paramedici het hom uit die wrak bevry en hom na Mediclinic Bloemfontein gehaas.

Danie-hulle het na die hospitaal gejaag met die hoop dat sy beserings nie ernstig is nie.

"Behalwe vir 'n paar blou kolle, het dit nie gelyk of hy baie seergekry het nie."

Dokters het later bepaal dat Deon bloeding op die brein het en hulle het verdere breinskanderings gedoen.

Dit is toe dat hulle die skokkende nuus met die Danie en Susan deel: Hulle kind is breindood.

"Ek wou dit nie glo nie. Ek het aanhou glo hy gáán wakker word, maar hy het nie."

Deon, 'n oudleerling van Hoërskool Sand du Plessis, het verlede jaar sy ingenieursgraad voltooi en hy het planne gehad om in Duitsland by sy broer Leon te gaan bly en daar vir werk te soek.

Danie het nog die vorige oggend 'n draai by sy seun se huis gemaak.

"Hy het gekla oor rugpyn, maar andersins was hy in 'n goeie bui. Hy was baie opgewonde oor Duitsland en kon nie uitgepraat raak oor sy planne nie," sê Danie.

Hulle het verlede week Saterdag 'n gedenkdiens by die AGS-kerk se Siloam-gemeente in Universitas in Bloemfontein gehou.

Volgens Danie is dit vir hulle 'n troostende gedagte dat Deon soveel lewens raak.

"Deon was nog altyd iemand gewees wat ander gehelp het. Sy sou dit so wou gehad het. Ons kind se dood was nie sinneloos nie."

# Boere kan nou self ent

*Redaksie*

Die uitspraak in die Pretoria Hooggeregshof teen die minister van Landbou en ander staatsinstellings die afgelope week word deur die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai) as 'n oorwinning vir elke vee- en wildboer in Suid-Afrika beskou.

In 'n mediaverklaring ná die uitspraak sê dié organisasie dat daar nou vordering is.

"Ná meer as 'n jaar se wegholverspreiding van die staatsbeheerde siekte, bied dit uiteindelik hoop dat die betrokkenheid en inisiatief van die private sektor die kritieke kapasiteit kan verleen om die siekte te stuit."

Saai sê hulle is verheug oor die oorwinning in die hof, maar dat hulle harte uitgaan na diegene vir wie dit te laat gekom het, en wat reeds groot skade gely of selfs alles verloor het terwyl hulle vir die staat moes wag om entstof te bekom.



*Verteenwoordigers van Saai saam met hulle regspan in die hof.*

In sy uitspraak bevestig regter Van der Westhuizen dat die minister, sy departement en senior amptenare nooit 'n geldige verweer gehad het nie, en verantwoordelik is vir die maande lange gesloer met 'n doeltreffende privaatsektorgeleide inentingsveldtog, wat honderde boerderye laat swaarkry het of hulle vernietig het.

Saai beskryf die uitspraak as 'n oorwinning teen, wat hulle beskryf as, die onregverdige sentralisering van besluitneming, mag en uitvoering in die staat, wat lankal nie meer die vermoë het om veesiektes doeltreffend te bestry nie, asook teen elke politieke party, die Departement van Landbou, landbou-organisasies, akademici en aktiviste wat kaderbeheer wou beskerm en bevorder.

"Dit is 'n oorwinning teen onbeheerde magsmisbruik wat vir veeboere onmeetbare materiële en emosionele skade veroorsaak het."

Saai beskou dit ook as 'n oorwinning teen organisasies waarin boere hulle vertroue gestel het om hul belange te behartig, maar wat mettertyd meer krities teenoor die hofsaak geword het as teenoor die staat self..

Saai het die hoop uitgespreek dat die minister, sy departement en die hul ondersteuners in die landboubedryf die uitspraak sal respekteer.



# Heinrich Marnitz terug met Fluweel-klanke

*Redaksie*

Die bekende omroeper Heinrich Marnitz is vanaf eerskomende Sondag terug agter die mikrofoon met 'n splinternuwe program *Fluweel*.

Marnitz het aan *Nuusweek* gesê dat dié program onder meer die stemme van Katherine Jenkins, Enya en Katie Melua sal insluit. Onder die manlike stemme tel Luciano Pavarotti, Nat King Cole en John Gary. Dié stemme sal weer om die beurt afgewissel word met Mantovani, Percy Faith en andere.



Heinrich Marnitz

"Die sagte gevoel van fluweelsagte materiaal moet in klank ervaar word. 'n Sondagmiddag net na eenuur is die mees geskikte tyd om so 'n program aan te bied," sê Marnitz.

Marnitz vertel dat die radio nog altyd meer as net 'n passie vir hom is.

"Pretoria FM bied my die geleentheid om deel te wees van die wonder van radio. Ek gaan weer die geleentheid kry om die unieke medium tot sy volle potensiaal te gebruik."

Op 'n vraag oor die persoon met wie hy self graag nog 'n onderhoud wil voer vertel hy van die Klavierkonsert vir Drie Klaviere van Mozart wat hy en sy eggenote, Isabel, in die Atterbury-teater bygewoon het.

"'n Jong 17-jarige pianis, Hermanus Schmidt, het onder andere saam met Charl du Plessis op twee klaviere opgetree. Indien jy dit nie self beleef het nie, sal jy my bewondering vir die 17-jarige nie werklik begryp nie. Sy uitvoering is nog meer verstommend as jy in gedagte hou dat hy homself gedurende die covid-tydperk opgelei het. Hermanus het eers in 2020 formele onderrig begin ontvang by die Mosaïek Musiekskool en later onder dr. Ronella van Rensburg studeer. Sy spel is formidabel. Ek sou graag met hom wou gesels."

*Fluweel* kan Sondagmiddae om 13:00 op Pretoria FM gehoor word.






# Leon Gropp gaan van Comrades tot komedie

*Redaksie*

Leon Gropp is bekend vir sy kwinkslae as een van die aanbieders van die gewilde kykNET-program Ontbytsake, en weeksoggende is hy ewe skerp wanneer hy en sy mede-aanbieder, Susan Botha, agter die mikrofoon inskuif vir Pretoria FM se oggendprogram Nuusweek.

Buiten vir die uitsaaiwese is Gropp ewe bekend as musikant en voeg hy nou ook komediant en eersdaags Comrades-atleet by sy CV. Hy vertel dat hy maratons begin aflê het toe hy getroud is.

“My vrou het, toe ek haar ontmoet het, pas die Twee Oseane-ultramaraton voltooi. En jy mos nou dink, ek wou nie afsteek by so ’n formidabele vrou nie, en ek het terstond begin oefen vir my eerste Twee Oseane.”

Gropp het nou al drie van dié maratons agter die blad. Later het hy oorgeslaan na veldwedlope (in Engels: trail running) en het onder meer die Rhodes Run en Mac Mac Ultra voltooi. En nou is die Comrades-ultramaraton in sy visier. Hy het reeds Oktober verlede jaar vir dié uitdagende padwedloop begin voorberei en vanjaar reeds 1 600 kilometer afgelê.

En as hy nie besig om langafstande ter voorbereiding van die Comrades af te lê nie, berei hy voor vir sy komedievertoning Sê dit soos dit is. Die vertoning bevat twee van sy gunstelingdinge – musiek en komedie.

Op ’n vraag oor hoe hy die gaping oorbrug tussen komedieproduksies soos dié en die meer ernstige produksies waarby ook betrokke is, verduidelik Gropp dat daar ’n hele spektrum is tussen ernstig en laf, maar dat ware komedie in die middel tussen dié twee eindpunte lê.


“Komedie is meestal gewortel in baie diep, ernstige en baie keer tragiese goed.”

En help sy humorsin wanneer hy maratons aandurf?

“Onomwonde ja! Die werk vir so ’n ultrageleentheid vind 90% in jou kop plaas. Wanneer jy ’n lang wedloop hardloop en jy bring die ligter kant in, stel dit dadelik endorfiene in jou brein vry. Dis maar ’n chemiese ding.”

Sê dit soos dit is is op 6 Junie in die B/Loved Small Theatre te sien. Kaartjies is by Tixsa beskikbaar.



# Gewilde Cruiserfees terug by Sondela

*Redaksie*



Die gewilde Land Cruiser Fees en Afrika Rekord vind weer die naweek van 5 tot 7 Junie by Sondela Nature Reserve & Spa naby Bela-Bela plaas. Vanjaar se geleentheid spog met Maxxis Tyres en Arwald Extreme as die nuwe hoofborge. Die vennootskap bring nuwe invloed na die reeds suksesvolle geleentheid en maak vir die deelnemers en organiseerders nuwe deure oop.

Die geleentheid, wat vir die eerste keer in 2013 plaasgevind het en intussen met rasse skrede gegroei het, se hoofdoel is tweeledig – om een lekker groot Land Cruiser Fees aan te bied vir hoofsaaklik Cruiser-gesinne en dan natuurlik om Afrika se eie rekord te verbeter. Verlede jaar se rekord is met 563 Land Cruisers opgestel. Die kriteria om vir hierdie rekord te kwalifiseer, is dat al die Land Cruisers op een dag op een terrein moet saamtrek.

Saam met die rekordpoging kom daar natuurlik baie pret en vermaak, wat hierdie jaar bestaan uit verskillende items. Besoekers kan uitsien na buiteleweprodukuitstallers, 'n kunsmark, kindervermaak, Ketelkraal-kroegfasiliteite, Jimmy's Sauces-kunstenaars, Sondela-wildritte, warmwaterswembaddens en spageriewe. 'n Jaarlikse hoogtepunt is die Cruiser Action Arena waar Land Cruisers mekaar die stryd aansê met die baie gewilde gruissleeprenne (in Engels: gravel drag racing), moddergate en heuwelklim (in Engels: hill climbing).

Verblyfopsies kan besigtig word by www.ekspo.co.za.

Voornemende uitstallers kan Tersia skakel by accounts@ekspo.co.za of 072 487 0000.

Land Cruiser-eienaars wat hulle voertuie wil registreer om deel te neem aan die dag en gebruik wil maak van die boskampering, kan die aanlyn vorm by www.ekspo.co.za invul.

Borge- en medianavrae kan gerig word aan Marius by marius@ekspo.co.za.






# Mampoerfees eersdaags by Ditsong: Willem Prinsloo Landboumuseum




*Redaksie*

Die Tradisionele Mampoerfees by die DITSONG: Willem Prinsloo Landboumuseum is terug op Saterdag 6 Junie 2026 en beloof om een van die hoogtepunte op Gauteng se kulturele kalender te wees. Die fees is 'n viering van Suid-Afrika se landbou-erfenis en bring kos, pret, tradisie en 'n titseltjie plaaslike bymekaar.

Hierdie gesinsvriendelike geleentheid sal weereens die historiese terrein van Willem Prinsloo omskep in 'n byenes van bedrywigheid, met meer as 75 stalletjies, handgemaakte ware en unieke kuns op uitstalling. Of jy 'n kosliefhebber, handwerkliefhebber, petrolkop is of net 'n onvergeetlike dag wil beleef, daar is iets om elke lid van die gesin te bekoor.

Die oggend skop af met die nostalgiese gebrul van enjins wanneer die Pretoria Old Motor Club se jaarlikse 200 km-Mampoerrit om 09:00 wegspring. Hierdie veteraanmotors is 'n prag om te aanskou en gee feesgangers 'n kykie in die geskiedenis van die motorwese.

Vir die waaghalsiges sal World of Motorsport se veldrenmotors indrukwekkende spoedvertonings bied. Die BeetleManiacs nooi alle Kewer- en Kombi-eienaars om hulle voertuie ten toon te stel, terwyl Pretoria Caravans and Camping woonwaens, sleepwaens en kampeertoerusting ten toon sal stel.

Die dag bied ook hope lewende erfenis in aksie wat die Voortrekkers met hulle energieke boeredanse, 'n sweepklapvertoning en mesmaakdemonstrasie insluit.

Kinders sal bederf word met 'n spesiale kinderarea wat 'n troeteldierplaas, gesigverf, springkastele, ponieritte, Boeresport, speletjiesarkade, ossewa-ritte en opwindende skattejagte insluit.

Feesgangers kan ook uitsien na die komiese Boer-dra-'n-vrou-kompetisies, perddemonstrasies en ruiter-boogskiet.

Die Hoëveld-veteraan-trekkerklub sal die dors van mielies en die werkinge van ou trekkerenjins ten toon stel. Daar sal ook optredes wees deur Nico J, Luaan, Joey Lane and the Staccatos.

Teken gerus die datum vir hierdie opwindende geleentheid in jou dagboek aan!



# Feesgangers gaan vashaak

## by Mopani Wingerd Kuiertuin by Toyota Innibos


*Redaksie*

By Toyota Innibos 2026 is daar een plek waar die geur van vars koffie, die klank van lewendige musiek, die klink van wynglase en die warmte van egte Suid-Afrikaanse gasvryheid saamvloei: die Mopani Wingerd Kuiertuin.

Volgens Alison Linde, stalletjiebestuurder van Toyota Innibos, is die Wingerd Kuiertuin spesiaal saamgestel vir die fynproewer. "Mense wat hou van goeie wyn, unieke smake, mooi kuns, inspirerende gesprekke en daardie onbeskryflike 'lekker vibe' wat net Innibos kan skep."

Die wynkenner Toiné Schoeman sal feesgangers op 'n wynproe-ervaring meeneem, en vir kaasliefhebbers wag Kaaskop met 'n keur van bekroonde Suid-Afrikaanse én internasionale kase. Verder gaan die South African Gold Panning Association besoekers wys hoe om goud met 'n pan te vind, met geleenthede vir feesgangers om self hul hand daaraan te waag.

Vir natuurliefhebbers en tuinentoesiaste gaan die Bonsai-vereniging, Concrete



Creations en Likhutsa Nursery die Wingerd omskep in 'n visuele fees van groen, tekstuur en kreatiwiteit. Kunsliefhebbers kan ook uitsien na die werk van kunstenaars soos Pieter A. Pienaar, die Kalahari-kunstenaar wat vir die eerste keer by Innibos uitstal.

Nog 'n besondere kreatiewe stem by die fees is Steve Strauss, die kunstenaar wie se werk geïnspireer is deur die skoonheid van sy moeder se tuin. Die kunstenaar INKA bring weer 'n meer intuïtiewe en emosionele aanslag na die Wingerd Kuiertuin. Haar werk, geïnspireer deur beweging, natuur en menslike emosie, ontstaan organies deur tekstuur, kleur en spontane kreatiewe proses.

Die ATKV-Boeke-oase vorm ook deel van hierdie unieke ervaring en beloof om een van die mees geliefde kuierplekke by die fees te wees. Philna Scholtz, programbestuurder, vertel dat feesgangers hier rustig kan ontspan, boeke koop, luister en gesels.

Van die sprankelende Lizz Meiring se Bingo op Donderdag 2 Julie tot Jacques Lombard se daaglikse leefstyl-ervarings waar koffie, skemerkelkies, onthaal en styl saamvloei, is die uiteenlopende soort aanbiedinge op die Mopani-verhoog. Met gaskunstenaars soos Marinda Engelbrecht, Wynand van Vollenstee, Thiart Li, Matie van Graan en Dené Lindeque-Fouché word elke dag 'n fees van smaak en inspirasie.

Musiekblyspelers soos Len Muller, Alouise, Thapelo Lekoane, Mathew Gold en Wanda Zonke sorg vir uitstekende vermaak, terwyl Ultracoustic Duo en Velvet Motion Duo met hul veelsydige instrumentale talent gehore gaan betower.






# Momentum Aardklop-program bekend

*Redaksie*

Die voorlopige program vir vanjaar se Momentum Aardklop is bekend. Dié fees vind vanjaar van 29 September tot 4 Oktober plaas. Die feesdirekteur, Alexa Strachan, sê almal sal aanklank vind by dié program.

"Vanjaar se program bied weer eens iets vir almal, van fynproewer tot Jan Alleman, van oupa tot kleinding, diepdenker tot dopdrinker, boekwurm tot lagpapie tot feesflêrries. Soos 'it hoort. Daar is legendariese kunstenaars, nuwelinge, musikante vir iedereen se vermaak – en dan natuurlik ook ons gewilde feesterrein met hordes stalletjies vir alle smulpape en snuffelaars. Die terreinverhoog se sangers bied ook iets vir almal teen sakpaspryse – die petrolprys behoort jou dus nie te bekommer nie."

Met die Aardklop Jam-sessies sal Leon Gropp elke aand 'n musikantvriend of drie nooi om by hom aan te sluit op die verhoog, en dan word daar gesing en instrumente gelooi soos vroeër jare.

Amanda Strydom en Je-ani Swiegelaar is te sien in Tillie / Mathilda wat handel oor 'n ou prostituut wat haar oor 'n weerlose meisie van die platteland wat ook 'n prostituut wil word, ontferm.

Athol Fugard se Boesman en Lena met Veronique Jephtas, Brendon Daniels en Tshamano Sebe, onder die regie van Christo Davids, is ook vanjaar op die planke in Potchefstroom.

Charl du Plessis se Surf & Turf is ook terug. Ná die suksesvolle bekendstelling van die projek verlede jaar, keer dié gewilde konsep vanjaar op openbare aanvraag terug na Momentum Aardklop. Die bekroonde Charl du Plessis neem feesgangers op 'n insiggewende, sjarmante en soms humoristiese manier op 'n musikale proetog mee, waar twee uiteenlopende ensembles elk 'n verkorte weergawe van 20 tot 30 minute uit hul volledige konserte aanbied.

Coenie de Villiers is 'n Suid-Afrikaanse musieklegende en taalikoon. Noudat hy die 70-kerf verbysteek, bied hy in hierdie debuutproduksie, Coenie@70, 'n intieme en baie persoonlike terugblik op sy werk oor die afgelope dekades.

CRYBABY is 'n absurde tragikomedie oor grootword, verlies en oorlewing in 'n wêreld met 'n ooraanbod aan nuus en inligting, met Frank Opperman, Nicole Holm, René Cloete, Gantane Kusch en Wian Taljaard.

Sandra Prinsloo is te sien in Die ander dogter, wat handel oor 'n tienjarige dogter wat toevallig uitvind van 'n suster wat twee jaar voor haar geboorte oorlede is. Dié dogter was die Franse skrywer Annie Ernaux, wat in 2022 die Nobelprys vir letterkunde ontvang het. Skielik was Annie nie meer 'n enigste kind nie, maar die plaasvervanger vir 'n groot afwesigheid wat voortleef in haar ouers se woordelose verdriet. Haar suster moes sterf sodat sy as die "vervanging" kon leef. 'n Ragfyn stuk oor skuld, familie en verlies.

Vir meer besonderhede oor die produksies wat by vanjaar se Momentum Aardklop te sien is, besoek www.aardklop.co.za.



Pretoria FM

# 25% afslag

## op Nuusweek-regskennisgewings

Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na adverteer@pretoriafm.co.za

Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer

Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

# Nuusweek

**Regskennisgewings**

Bepalings en voorwaardes geld.

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

# Lesers se beurt




Lesers het die afgelope week van hulle laat hoor oor die jongste misdaadsyfers wat 'n nasionale afname in geweldsmisdaad toon met die moordsyfer wat met 9,5% gedaal het. Kontakmisdade het met 4,6% afgeneem. Die waarnemende minister van polisie, prof. Firoz Cachalia, het desnieteenstaande gewaarsku dat misdaadvlakke onaanvaarbaar hoog bly, met gemiddeld 58 moorde per dag. Hier is wat lesers te sê gehad het:

**Sue Visser**
Jammer, ek glo dit nie! Die syfers is weer gemanipuleer om ANC se aansien te verhoog.

**Geraldine Mitchell**
Snert! Bollie! Dis weer 'n gelieg met die syfers.

**Lionel Pretorius**
Gekookte syfers ... soos altyd.

**Belinda Van Der Merwe**
Kan dit nie glo nie.

**Walter Loyd**
Glo dit nie. Miskien per sekonde. Hier in Suid Afrika gaan dit erger as die res van die wêreld en alle lande weet hoe dit hier gaan.




**Carel Visagie**
Nog steeds te veel.

**Jaco Viljoen**
Miskien per uur.

**Frikkie Niemand**
Dis 58 lewens per dag wat verlore gaan. 58 pa's, ma's, kinders, broers, susters wat vermoor word.

**Katie Bischoff**
'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.


**Gerrie Hayes**
Die RNE kon duidelik nie 'n verskil aan die misdaadsyfer maak nie.

**Jurie Nel**
Bring die doodstraf terug. Dit is al wat 'n verskil gaan maak.

**Billy Naudé**
Die probleem met die doodstraf is dat daar 'n risiko is dat die verkeerde persoon tereggestel word. Ons regstelsel kan nie iemand bo verdenking genoeg skuldig bevind dat hy met sy lewe daarvoor moet boet nie.

**Chrissie van Dyk**
Hang hulle. Dit is al wat 'n boodskap sal stuur.

**Ons wil graag van jou hoor.**
**Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.**



# Hoe 'n slegte besluit of twee 'n wenoorlog op sy kop gekeer het

**Internasionale Perspektief**

Jaco Kleynhans



Daar word die afgelope weke wêreldwyd, en natuurlik in Suid-Afrika lang argumente gevoer oor wat 'n reusefout die Amerikaners en Israel begaan het om Iran aan te val. Die meeste van hierdie argumente herhaal bloot anti-Amerikaanse, anti-Trump en pro-Iran propaganda, bou voort op valse persepsies oor ontwikkelinge in die Midde-Ooste die afgelope paar jaar en misken wat werklik aanvanklik in die oorlog gebeur het. Wat egter wel nou, drie maande nadat die eerste aanvalle uitgevoer is, duidelik word, is dat enkele swak strategiese besluite deur die Withuis 'n wenoorlog op sy kop gekeer het wat dreig om 'n langdurige krisis rondom die Seestraat van Hormoes te laat ontwikkel, maar erger nog, die omstandighede te skep waarin Iran weer oor die volgende paar jaar kan herbewapen en herbou.

Dit is daarom tog belangrik om net weer te gaan kyk wat tydens die aanvanklike militêre operasie van die VSA en Israel gebeur het. Binne 'n minuut nadat Operasie Epic Fury op 28 Februarie begin het, is die ajatolla en byna al sy senior leiers in lugaanvalle dood. Binne enkele dae is Iran se lugafweerstelsels en die grootste dele van Iran se lugmag, vloot, militêre basisse, kernaanlegte, wapenvervaardigingsaanlegte en intelligensiestrukture vernietig. Om dit in 'n massiewe land (geografies), met 'n groot en gesofistikeerde bevolking, ervare politieke en militêre leiers, en 'n regime wat jare lank hiervoor voorberei het, te kon regkry maak dit wat tydens die eerste dae van Operasie Epic Fury gebeur het, selfs meer merkwaardig. Bewerings oor Amerikaanse militêre mislukking in Iran is dus ongegrond.

Die ander argument wat nie water dra nie, is die herhaaldelike onderspeling van die motief vir die VSA en Israel se aanvalle. Hier vergeet mense gemaklik Iran se herhaalde oortredings oor die jare heen van ooreenkomste oor sy kernprogram. Gaan lees gerus net wat die huidige hoof van die Internasionale Atoomenergieagentskap (IAEA) hieroor geskryf het. Die kritici ignoreer egter ook die skrikbewind wat Iran deur sy proksies oor jare in Irak, Sirië, Libanon, Israel en die Palestynse gebiede, Jemen en enkele ander lande veroorsaak het. Iran het daardeur indirek 'n reuserol in massageweld, burgeroorloë, sektariese konflik en die ontwrigting van ekonomiese aktiwiteite in onder andere die Rooisee en die Seestraat van Hormoes veroorsaak. Iran was verantwoordelik vir massaterreur in die Midde-Ooste oor jare. Iran was ook indirek verantwoordelik vir die Hamas-terreuraanval in Oktober 2023 op Israel.

Daar word deur die kenners, akademici en leuenstoelkommentators niks meer gesê oor die jarelange brutale onderdrukking van enige opposisie in Iran nie. Desember en Januarie se bloedbad word bloot onder die mat ingevee en dit nadat Trump 'n duidelike ultimatum aan Iran gestuur het om nie hulle eie mense dood te maak nie. Daar was meer as genoeg rede vir die VSA en Israel om op die regte tydstip die streep te trek en die ekstremiste in Teheran uit te haal.

Die VSA moes egter gereed gewees het om hulle aanvanklike briljante lugaanvalstrategie op te volg. Hulle moes Iran se sluiting van die Seestraat van Hormoes, nie deur reuse- Irannese vlootskepe (wat alles vernietig is nie) maar deur 'n klein en ratse groep terroriste van die Islamitiese Revolusionêre Wagkorps met klein bote, kon voorsien. Hulle moes ingekoop het op Israel se jarelange beplanning vir die ondersteuning van die Koerde om vanuit die weste deur Irak 'n opstand te lei. Wanneer 'n 14 dae skietstilstandooreenkoms egter 'n 30 dae een, dan 'n 60 dae een raak, dink die vyand dat hy die oorhand kry.

Amerika se opvolgstrategie was beperk tot die sluiting van Iran se hawens deur die Amerikaanse vloot. Dit is tot vandag 'n baie suksesvolle strategie en Iran se ekonomie is aan flarde met hiperinflasie, miljoene werksverliese, tekorte aan valuta, produkte en dienste, én 'n onvermoë om meer as 70% van Iran se olie uit te voer.

Ongelukkig sou hierdie Amerikaanse strategie net geslaag het, indien hulle die Seestraat van Hormoes met brute mag kon heropen. Olietenkskepe moes eenvoudig deur die seestraat vergesel word en Iran se bluf moes uitgeroep word toe hulle gedreig het om die VSA se vlootskepe aan te val sou hulle met mag probeer om die seestraat te heropen.

Terwyl Iran militêr en ekonomies aan flarde is, is die hardekoppe wat nou in beheer is in Teheran besig om te hergroepeer en die Amerikaners gee hulle al die tyd op aarde om dit te doen. Missiele word herbou, nuwe lugafweerstelsels word uit China in gesmokkel en aanvalshommeltuie word weer regoor Iran aanmekaargesit.

Trump het ongelukkig 'n te groot liefde vir die Pakistani's ontwikkel en het toegelaat dat Pakistan se militêre leiers hom aan die neus rondlei en hom ontmoedig om Amerikaanse opvolg militêre optrede goed te keur. Waarom Trump ook Israel se plan om die Koerde vanuit Irak met 'n opstand te ondersteun (wat wapens en lugondersteuning sou insluit), afgekeur het, maak ook geen sin nie.

Uiteindelik kan Iran so verswak wees soos wat dit vandag is. Die druk van vernietigende internasionale ekonomiese gevolge weens die sluiting van die seestraat begin die toon aangee in enige onderhandelinge. Trump sal binnekort 'n haas uit die hoed moet pluk, wat hy soms regkry, om 'n ooreenkoms te sluit wat Iran se vermoë weerhou om na sy gevaarlike posisie van vóór die oorlog terug te keer. Die enigste twee alternatiewe is hernude oorlog, waarvoor daar nou geen internasionale aptyt meer oor is nie (hoewel dit dalk net die mees logiese opsie mag wees) of 'n baie swak ooreenkoms wat aan 'n byna verslane Iran se meeste eise toegee. 'n Paar moeilike weke lê duidelik vir die Withuis voor.

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

# Om te streef na “radikale normaliteit”

**Repliek**

Ernst van Zyl



## In die land van die blindes is eenoog koning.

In ’n land waar abnormaliteit normaal geword het, word diegene wat veg vir die handhawing van normaliteit, uitgekryt as gekke.

Enige land met 145 raswette is abnormaal. Hierdie gekheid is egter die afgelope 30 jaar reeds so genormaliseer in Suid-Afrika dat organisasies soos AfriForum en Solidariteit wat hierdie rasmalheid uitwys en teenstaan beskuldig word van hoogverraad, die verspreiding van misinformasie en verdelende of antidemokratiese gedrag.

Volgens beskikbare data is daar van 2023 tot 2025 ’n gemiddeld van 38 plaasmoorde per jaar gepleeg. Plaasaanvalle gaan boonop dikwels gepaard met hoë vlakke van geweld en selfs marteling, en intussen sing politici “Kill the Boer” uit volle bors voor stampvol stadions. Dit kan nie as normaal afgemaak word nie.’n Bejaarde plaasvrou wat doodgemartel word met ’n elektriese boor, mag nooit aanvaar word as “normale misdaad” nie. Ek verwerp ten sterkste die kriteria wat ’n geval van ’n boer se kind wat verdrink word in ’n bad kokende water afskryf as bloot “normale misdaad”.

Die skryf van die woorde “Kill the Boer” met bloed op die muur van ’n plaasmoordtoneel is nie normaal nie. Tog word diegene wat dit durf waag om internasionale aandag te vestig op hierdie abnormale misdaad, beswadder, bespot en geïntimideer. Indien hul aktivisme anoniem is, word hul identiteit, asook die identiteit van hul vrou en hul bejaarde ouers openbaar gemaak deur ’n mediaheksejag, soos wat gebeur het met die X-rekening Twatterbaas.

’n Regering met die mag om enige persoon se eiendom sonder vergoeding te kan onteien, is hoogs abnormaal en gevaarlik. ’n Radikale president soos Cyril Ramaphosa wat Robert Mugabe se rampspoedige, gewelddadige grondgrype beskryf as “ambisieus” en “noodsaaklik” mag nie genormaliseer word nie. Diegene wat die ANC glo wanneer hulle verkondig dat hulle grond wil sonder vergoeding onteien, is nie die gekke van die samelewing nie, hulle gebruik doodeenvoudig hul gesonde verstand.



’n Regering wat buitensporige hoë belastings eis, maar waarvan die belastingbetalers – volgens die berekeninge van die ekonoom Dawie Roodt – slegs 5 sent se waarde ontvang vir elke rand wat ingevorder word, is abnormaal. ’n Land waar meer as 50% van huishoudings minstens een staatstoelaag ontvang, is ongehoord. ’n Land waar nagenoeg 1,5% van die bevolking 60% van alle persoonlike inkomstebelasting betaal, is ’n tydbom. Om dit uit te wys en verdere belastingverhogings teen te staan, is om aan die kant te wees van “radikale normaliteit”.

In ’n normale land is ’n jaar sonder beurtkrag die norm en nie die uitsondering nie. Die “radikale normaliteit” wat AfriForum en die Solidariteit Beweging terugeis en waarvoor hulle veg, behels paaie sonder slaggate. Dit behels die opsie van privaat mediese skemas en hospitale, eerder as net nóg ’n inploffende staatsmonopolie. Dit behels belastinggeld wat vir alle burgers werk, skoon drinkwater in ons krane, veilige buurte waar kinders in die strate kan speel, parkies waar die gras gesny word en skoolsportspanne wat op meriete, eerder as op velkleur gekies word.

Die maklike uitweg is om die abnormale stand van sake te aanvaar of selfs te loof. My uitdaging aan diegene met gesonde verstand is egter om saam met AfriForum te veg vir “radikale normaliteit”, al word jy meedoënloos geëtiketteer. Soos C.S. Lewis uitgewys het, “Wanneer die hele wêreld in die rigting van ’n krans hardloop, lyk dit asof die persoon wat in die teenoorgestelde rigting hardloop, sy verstand verloor het.”

*Ernst van Zyl, hoof van openbare betrekkinge by AfriForumin*





# Kos op die tafel begin lank voor die winkelrak

**Boer tot Bord**
Bennie van Zyl



Wanneer verbruikers 'n brood koop, melk in die yskas sit of vleis op die vuur plaas, word daar nie noodwendig altyd gedink aan die ingewikkelde ketting wat daardie kos moontlik maak nie. Kos verskyn nie bloot op winkelrakke nie. Dit begin in die grond, in weiding, in boorde en in stalle; dikwels onder moeilike omstandighede, groot risiko en toenemende onsekerheid. Die eenvoudige waarheid is: sonder 'n gesonde, winsgewende en veilige kommersiële landbousektor is voedselsekerheid onmoontlik.

Die vraag is dus nie net wat nodig is om kos op die tafel van verbruikers te plaas nie, maar ook wat die grootste bedreiging daarvoor is.

Die antwoord op die eerste deel van die vraag is betreklik eenvoudig. Om voedsel beskikbaar en bekostigbaar te hou, benodig 'n land produsente wat kan produseer in 'n omgewing waar veiligheid, winsgewendheid, infrastruktuur en beleid bestendig is. Kommersiële boere is die kern van dié werklikheid. Hulle produseer die grootste deel van Suid-Afrika se voedsel, dikwels teen internasionaal mededingende en gesubsidieerde pryse, ondanks toenemende uitdagings.

Produksie gebeur egter nie in 'n vakuum nie.

- Boere moet veilig wees. Misdaad op plase en landelike gebiede is nie bloot 'n veiligheidskwessie nie, dit raak voedselproduksie direk. Wanneer produsente onder voortdurende bedreiging leef, verhoog koste, neem onsekerheid toe en word investering ontmoedig. Niemand brei produksie uit in 'n omgewing waar risiko voortdurend toeneem nie.
- Verder benodig voedselproduksie betroubare infrastruktuur. Paaie moet funksioneel wees sodat insette betyds by plase uitkom en produkte markte kan bereik. Elektrisiteit en water moet beskikbaar en bekostigbaar wees. Hawens en spoorlyne moet werk sodat uitvoere kan realiseer. Suid-Afrikaanse landbou het deur innovasie en deursettingsvermoë merkwaardige sukses behaal, maar selfs die mees doeltreffende produsent kan nie onbeperk kompenseer vir stelsels wat faal nie.
- Winsgewendheid is ewe noodsaaklik. Daar bestaan soms 'n wanpersepsie dat voedselproduksie bloot 'n roeping is wat ongeag ekonomiese realiteite sal voortgaan. Die waarheid is dat boerdery, soos enige ander onderneming, finansieel volhoubaar moet wees. Indien insetkoste aanhou styg, regulasies toeneem en beleidsonsekerheid belegging ontmoedig, raak voedselproduksie kwesbaar. Sonder winsgewendheid is daar uiteindelik minder produksie, minder investering en groter druk op voedselpryse.

Dit bring ons by wat waarskynlik die grootste bedreiging vir voedselsekerheid in Suid-Afrika is: die gevolge van die huidige beleidsomgewing.

Dit is 'n onderwerp wat baie meer aandag verdien. Oor dekades heen het beleid in verskeie sektore toenemend onsekerheid geskep. Debatte oor eiendomsreg, toenemende regulatoriese laste, swak dienslewering, infrastruktuurverval en die vervanging van kundigheid deur politieke of ideologiese oorwegings in sleutelinstellings het 'n klimaat geskep waarin vertroue onder druk verkeer. Die onrealistiese rasgedrewe beleidsrigting het te duur geword vir Suid-Afrika se inwoners. Ekonomiese groei is dringend nodig, maar sal dit met hierdie beleid slegs 'n hersenskim bly.

Landbou vereis langtermynbeplanning. 'n Boer plant nie vir môre alleen nie; besluite word geneem vir jare vorentoe. Wanneer beleid onseker is, word belegging uitgestel of selfs afgestel. Wanneer administratiewe prosesse nie funksioneer nie, stagneer ontwikkeling. Wanneer kundigheid ontbreek, neem risiko toe en stelsels wat die publiek tot diens moet wees stort in duie; iets wat die land reeds op verskeie terreine ervaar het.

Die ironie is dat Suid-Afrika oor enorme landboupotensiaal beskik. Ons kommersiële boere is wêreldklas. Tegnologie, genetika, presisieboerdery en markontwikkeling bied ongekende geleenthede. Jongmense betree die sektor met nuwe idees en innovasie. Die groot hekkie in die pad daarvan om in Suid-Afrika veel groter sukses in voedselsekerheid, uitvoere en werkskepping te kan behaal, bly die huidige beleidsrigting se gevolge sowel as die denkraamwerk van sommige individue wat van oortuiging is dat die stelsel hul "skuld" sonder 'n teenprestasie.

'n Positiewe uitkoms is haalbaar. Dit begin met beleidsekerheid en die beskerming van eiendomsreg. Dit vra vir die herstel van infrastruktuur, die aanstelling van kundige mense in sleutelposte en daadwerklike optrede teen landelike misdaad. Dit vra ook dat boere nie as opponente beskou word nie, maar as die strategies grootste bate van die land.

Voedselsekerheid is nie 'n politieke luukse nie, dit is 'n nasionale noodsaaklikheid.

Die vraag is uiteindelik eenvoudig: Wil Suid-Afrika 'n land wees wat sy eie mense voed, werk skep en landelike ekonomieë laat groei, of een wat toenemend afhanklik raak van duur invoere en stygende voedselpryse?

Kos op die tafel begin by mense wat bereid is om te produseer. Ons verantwoordelikheid as samelewing is om seker te maak hulle kan dit veilig, winsgewend en met vertroue in die toekoms doen. Wanneer landbou floreer, kan 'n land eet.

**Van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA.*

# Hoop vir die volgende geslag

**Repliek**

Dr. Dirk Hermann



Die toekoms van jongmense word toenemend gevorm deur gemeenskappe wat bereid is om in die volgende geslag te belê — en volgens dr. Dirk Hermann, uitvoerende hoof van Solidariteit, is dít die kern van volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

Hermann sê die beginsel is eenvoudig, maar kragtig: as 'n gemeenskap in sy jongmense belê, bou hy nie net individue nie, maar 'n hele toekoms.

"Solidariteit dink geslagmatig. Ons gaan nêrens heen nie en daarom moet ons in die volgende geslag belê," sê hy.

Hy verduidelik dat Solidariteit reeds 25 jaar gelede begin het om deur klein, konsekwente bydraes studiefondse en opleidingsinstellings te bou. Dit het gelei tot die vestiging van instellings soos Sol-Tech, Akademia en Bo-Karoo Opleiding, sowel as verskeie studiefondse vir jongmense.

"Dit het alles begin met klein bydraes — R10 per maand vir 'n boufonds en later R5 vir studiefondse. Vandag sien ons die vrugte daarvan," verduidelik Hermann.

Volgens hom lê die krag van die model daarin dat studente wat ondersteuning ontvang, weer die fondse terugbetaal sodra hulle begin werk. Hierdie geld word dan herbelê om weer nuwe studente te help — wat 'n terugbetalingskoers van sowat 99% moontlik maak.

"Die geld word dus in die gemeenskap herbelê. Dit hou aan beweeg en skep so nuwe geleenthede," sê hy.

Een van die jongmense wat reeds by hierdie sisteem baat gevind het, is Nicolaas "Nick" Venter, 'n tweedejaarstudent met 'n passie vir sport en menslike prestasie.



*Nicolaas 'Nick" Venter*

Nick, wat aan Hoër-skool Oos-Moot gematrikuleer het, studeer tans by die Sport Science Institute of South Africa waar hy sy kwalifikasie in Personal Training voltooi.

Vir hom beteken die ondersteuning veel meer as finansiële hulp.

"Die dag toe ek die nuus gekry het dat ek kan gaan studeer, was dit regtig vir my besonders. Ek het besef ek kan 'n toekoms vir myself bou," vertel hy.

Hy sê die geleentheid het hom nie net hoop gegee nie, maar ook 'n sterk verantwoordelikheidsin om sy studies ernstig op te neem en eendag self terug te gee.

Nick droom daarvan om in Biokinetika te spesialiseer en eendag sy eie praktyk te open waar hy mense kan help om sterker, gesonder en meer selfversekerd te leef.

"Ek wil ook eendag ander help sodat hulle hul drome en roeping ten volle kan uitleef, net soos 'n donateur dit vir my moontlik gemaak het," sê hy.

Hermann beklemtoon dat hierdie tipe stories presies wys waarom die model werk — omdat dit nie net oor finansiële ondersteuning gaan nie, maar oor die bou van 'n volhoubare kringloop van hoop.

"Solidariteit glo dat as jy twyfel oor die toekoms, bou jy dit self. Ons heil lê in drie woorde: ons sal self, maar in diens en tot eer van ons Hemelse Vader" sê hy.

Vir meer inligting oor hoe jy ook betrokke kan raak, en studente se drome 'n werklikheid kan maak, stuur 'n e-pos na studietrust@helpendehand.co.za of besoek ons webtuiste by www.hh-studietrust.co.za

Dis meer as 'n lening – dis 'n toekoms!

**Hermann is uitvoerende hoof van Solidariteit*



# Feesvieringe onder die Wonderboom

*Riana Mulder*

Die Wonderboom was deur die jare nie net die stille getuie van rampe en ellendes nie, maar ook van vreugde. Daar is dikwels onder die boom feesgevier.

In 'n boek oor die lewe van Harry Struben (Taken at the flood deur Roy Struben) vind ons 'n verwysing na 'n jaarlikse piekniek: "The great jamboree of the year for Pretorians was the annual picnic to a huge wild fig tree, the Wonderboom, which spread itself by layering pendant branches into the ground, covering a wider and wider area year by year. Under its vast shade the community would gather, chattering impartially in Dutch or English, skylarking, playing simple games, dancing and singing." Dit was in dié tyd toe Harry en Mary Struben se kinders klein was, dus ongeveer tussen 1870 en 1896.

Elke jaar op 16 Desember dink Afrikaners aan die Gelofte wat Piet Retief en ander Voortrekkers voor die slag van Bloedrivier afgelê het, en die skadu's van die statige ou boomtempel is nog altyd beskou as ideaal vir die vier van die Geloftefees.

Vroeër jare (voor omtrent 1950) was die Geloftefees 'n hele okkasie wat oor twee dae gestrek het. Op 15 Desember was daar groot vrolikheid, met boeresport, konserte en braaivleis, en groepe mense wat sit en kuier onder die bome. Kinders het gediggies en toneelstukkies voorgedra, en teen mekaar resies gehardloop.

Geloftedag self was stemmig, en is gevier met toesprake en 'n kerkdiens. Die atmosfeer onder die boom was dan stil en waardig om die erns van die geleentheid te huldig. Ouer inwoners vertel dat die feeste so goed bygewoon is dat mense gesukkel het om parkeerplek te kry. 'n Mens moes ook vroeg opdaag, met jou opvoustoele onder die arm, as jy onder die boom sitplek wou hê. Ná die tyd kon die piekniekmandjies weer uitgepak word, en het die kuier voortgegaan.

Die Wonderboom het ook 'n rol gespeel in twee van die grootste Afrikaner-feeste van die twintigste eeu, nl. die Simboliese Ossewatrek van 1938 en die Rapportryersfees van 1949 (wat gepaardgegaan het met die inwyding van die Voortrekkermonument.) Die twee feeste was verwant aan mekaar, want die gedagte het eerste ontstaan om die Monument te bou en daarna is besluit om die simboliese trek te reël om met die hoeksteenlegging saam te val.

Aanvanklik sou slegs twee ossewaens van Johannesburg na Pretoria trek, maar die idee van 'n simboliese ossewatrek het die verbeelding van die Afrikanervolk aangegryp,

*Na bladsy 21*



# Pretoria Historia: Feesvieringe onder die Wonderboom (vervolg)

*Van bladsy 20*

en van oral af is versoeke gerig dat dorpe op die trekroetes ingesluit moes word. Uiteindelik is besluit om nege waens uit die Kaap te laat vertrek, en hulle sou dan op veertien verskillende trekroetes die land deurkruis. Op die Witwatersrand sou nog 'n wa by hulle aansluit, en die hoogtepunt sou op 16 Desember 1938 by Monumentkoppie wees wanneer al die waens daar saamtrek en die hoeksteen van die nuwe monument gelê word.

Een van die waens sou die roete van die Louis Trichardt-trek volg tot by die Soutpansberg, en dan terugdraai Pretoria toe. Op 12 Desember 1938 het die "Louis Trichardt" vroegoggend vanaf Warmbad vertrek en teen die middag by die brug oor die Apiesrivier (nou ongeveer waar die Onderstepoortpad en Lavenderweg mekaar kruis) aangekom. Daar het die inwoners van die Wonderboomkontrei, onder leiding van ds. P. J. du Toit, hulle ingewag. Almal wat perdekarre of waens gehad het, het ook gereed gestaan om die wa die dorp in te begelei. Die hele optog, omtrent tweeduisend mense, het saamgestap na die nuut geboude Laerskool Voortrekker-Eeufees in Pretoria-Noord. Langs die pad is 'n gedenksteen in Emily Hobhousepark onthul, en 'n paar straatname is verander om die geleentheid te huldig. Op die terrein van die nuwe skool is nog 'n gedenksteen onthul en groot fees gevier tot laatmiddag.

Teen ongeveer 19:00 die aand het die wa by die Wonderboom verbygegaan, en met die smal pad oor die Wonderboomnek getrek tot in Voortrekkerweg waar die volgende groep dit geesdriftig ontvang het. Saluutskote het weergalm en vuurpyle is afgevuur. 'n Groot groep fakkeldraers het op die Nek self gereed gestaan om die wa die stad in te lei. Die burgemeestersvrou, mev. Swart, het dit amptelik verwelkom, waarna die fakkels plegtig aangesteek is en die optog begin het. 'n Groot skare het stemmig agter die wa ingeval om saam te stap na die feesterrein by Klipkoppies. Daar is die wa deur 'n ereboog gelei, en deur die burgemeester, kol. Ben Swart, ontvang.

Teen 13 Desember was die sewe waens wat die Transvaal deurkruis het almal in Pretoria, en op 16 Desember 1938 is die Simboliese Ossewatrek afgesluit met 'n plegtige Geloftedagviering op die Voortrekkermonument-terrein. By die geleentheid is die hoeksteen van die monument gelê deur nasate van die Voortrekkerleiers Andries Pretorius en Andries Hendrik Potgieter.

*Teen ongeveer 19:00 die aand het die wa by die Wonderboom verbygegaan...*

Met die onthulling van die Monument in 1949 is weer feesgevier, hierdie keer genoem die "Rapportryersfees" na aanleiding van die rapportryers wat van oral, tot uit Midde-Afrika, met rapporte gestuur is vir die geleentheid. Op 12 Desember 1949 het die Rapportryers van Pretoria-Noord die ruiters uit die noorde, o.l.v. veldkornet C. W. Boshoff, tussen Pretoria en Hammanskraal tegemoet gery.

By die brug naby Onderstepoort het 'n groot skare hul weereens ingewag en vergesel tot by Danie Malanskool. Daar aangekom, is 'n toespraak gehou en kranse op die skool se monument gelê, waarna hulle na die Junior Hoërskool vertrek het. Ook Wolmerskool (nou Laerskool Rachel de Beer) en Laerskool Voortrekker-Eeufees was op die roete. Uiteindelik is die verrigtinge vir die dag afgesluit by Emily Hobhousepark, waar die veldkornet met sy perd oor 'n nat sementblok gery het en die skare 'n klipstapeling gehou het ter herinnering aan die Ossewatrek, die aankoms van die Rapportryers en die onthulling van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. Daar is ook die aand geluister na kinderkore en toesprake, en die rapport wat vanaf Pretoria-Noord na die Voortrekkermonument gestuur is, is voorgelees. Nog strate en parke is hernoem om die geleentheid te huldig.

Op Dinsdag 13 Desember 1949 het die Rapportryers om 7:00 na die Wonderboom vertrek, waar 'n gedenkplaat aan die boom self aangebring is. Hierdie verrigtinge is waargeneem deur Andries van Gass. Om 8:00 het hulle vertrek na Louis Trichardtplein in Wonderboom-Suid. Later die dag het die Rapportryers en die perdekommando saam op Kerkplein aangekom en die rapporte aan die rapportryers van Pretoria-stad oorhandig.

Nie net groot of amptelike feeste is onder die boom gehou nie. Die Booysens-familie, aan wie die Wonderboom voor 1936 behoort het, se woonhuis was baie naby aan die boom en die Wonderboom het dus 'n belangrike rol in al die lede van die familie se lewens gespeel. Bettie von Maltitz, kleinkind van Jan Booysen, het vertel dat twee van haar tantes en haar niggie se huweliksonthale onder die boom gehou is. Die twee tantes, Prinsina en Bettie Booysen, is getroud met twee Prinsloo-broers van Kaalfontein.

*Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



7 VOOR 7
— STEPHAN JOUBERT —

# God is meer as ’n beloftemaker

Dit is deesdae gewild om te sê jy “staan op” die Here se Woord. Of om te sê jy het ’n belofte van die Here ontvang. Dit is ook gewild om Jesaja 62:6 te gebruik om te sê ons moet God gedurig aan sy beloftes herinner. Is dit dalk hoekom sommige mense meer weet van God se beloftes as van sy teenwoordigheid by ons, hier en nou?

Om God tot ’n beloftemaker te reduseer, is om sy rol as Heer en hemelse Vader mis te kyk. Dink net hoe jy sal voel as jou familie gedurig vir almal vertel van al die beloftes wat jy aan hulle maak en waaraan hulle vashou sonder dat hulle ooit praat oor die verhouding tussen julle. Sou jy nie wou uitroep dat jy meer as ’n beloftemaker is nie?

God wil bekend wees daarvoor dat Hy, ons hemelse Vader, altyd naby aan ons is. In die taal van die Nuwe Testament, beteken “om God aan sy beloftes te herinner” in der waarheid om heel eerste vir Hom dankie te sê dat Jesaja se woorde in Christus vervul is en dat ons in die tydperk van sy Heilige Gees leef. Dit is ook om God gelowig daaraan te herinner dat Hy belowe het om ons nooit te verlaat of in die steek te laat nie.



## #Vrydagfeite

’n Ystervark is bekend vir sy lang swart en wit penne, maar ’n interessante feit is dat dié nagdiere se snytande oranje tot rooi van kleur is weens die ysterinhoud. Die tande hou ook nooit op groei nie.

Ystervarke kan verwys na enige van die 58 spesies knaagdiere in die families *Erethizontidae* en *Hystricidae*.

Ystervarke eet plante en hulle voortande is groot en groei voortdurend om taai plantmateriaal soos bas, takkies en blare te sny en te knaag.

Die yster word tydens tandontwikkeling in die emaljelaag ingebou wat aan die tande hul kenmerkende roesagtige kleur gee. Daar word geglo dat die



teenwoordigheid van ysterpigmente die sterkte en duursaamheid van die tande verhoog. Hoe dieper die kleur, hoe meer yster in die emalje.

Benewens hul snytande het ystervarke ook voor- en kiestande wat gebruik word om kos te fyn te maal en te kou. Hierdie tande is plat en geriffel, wat help om taai plantvesels af te breek.

Baba-ystervarkies word egter sonder tande gebore. Hul eerste tande, ook genoem melktande, begin binne die eerste paar weke ná geboorte deurkom en teen die tyd dat ystervarkies 2 tot 4 maande oud is, behoort al hul melktande deurgebreek het.

Hoewel ystervarke plantvreters is en hul tande ontwerp is om te knaag en te kou, eerder as om ’n kragtige byt toe te dien, is dit sterk genoeg om deur hout en ander harde materiale te knaag.

Ystervarke is egter baie skugter diere, so, die kans dat ’n ystervark jou sal byt, is egter baie skraal.




## Vandag in die Verlede

Albe Grobblaar



Die Portugese ontdekkingsreisiger en seevaarder Bartolomeus Dias was volgens oorlewering die eerste Europeër wat in Suid-Afrika voet aan wal gesit het en om die suidpunt van Afrika gevaar het. Dias is op 29 Mei 1500 dood toe die skip waarvan hy die kaptein was in ’n storm naby die Kaap die Goeie Hoop vergaan het.

Op ’n heel ander noot: Die Amerikaanse apteker John Pemberton, die uitvinder van Coca Cola, het vandag 140 jaar gelede, op 29 Mei 1886, die heel eerste advertensie vir sy nuwe koeldrank in ’n koerant geplaas. Dit het in *The Atlanta Journal* verskyn.




*John Pemberton*

Die legendariese Edmund Hillary en sy gids, Tenzing Norgay, het op 29 Mei 1953 die eerste bergklimmers geword wat die kruin van die berg Everest kon bereik. Die nuus het eers vier dae later in Engeland bekend geword, óp die dag van die amptelike kroning van koningin Elizabeth die Tweede.


Laastens twee geboortedagherdenkings: Die Engelse skrywer, teoloog en filosoof G. K. Chesterton het vandag in 1874 in die wêreld gekom. En dan herdenk ons ook die geboortedag in 1903 van die legendariese Amerikaanse komediant en akteur Bob Hope, wat in 2023 in die ouderdom van 100 jaar oorlede is. Dit was Hope wat gesê het: “Jy weet dat jy oud word as die kersies op jou verjaardagkoek meer kos as die koek self.”



*Bob Hope*

# Nuwellis Inc (NASDAQ - NUWE)

Die weeklikse lyngrafiek het betrekking.




**Agtergrond**
**Nuwellis, Inc.** is 'n VSA-gebaseerde mediesetegnologiemaatskappy wat spesialiseer in vloeistofbestuursoplossings vir pasiënte met hartversaking en ander kardiorenale toestande. Die kernbesigheid draai om die Aquadex®-ultrafiltrasiestelsels, wat oortollige vloeistof veilig en doeltreffend uit pasiënte verwyder. Hou in gedagte dat die aandeel op die Nasdaq genoteer is en verhandel in Amerikaanse dollar.

**Kernbevinding**
Die moontlike dalendewigformasie (moontlik positief) hou beleggers steeds sku. 'n Dalende wig ontstaan wanneer verkopers aanhou druk uitoefen en pryse afstoot. Uiteindelik droog die verkoopsdruk op, kopers tree in en toon weer belangstelling.

Bo lyn A (1,05) kan die formasie na bo in werking kom, en die aandeel dalk mettertyd na 1,36 laat beweeg om die teiken van die formasie te bereik.

Die 50-dag- bewegende gemiddeld (1,09) is een van die beste mediumtermynsentimentsmeters. Onder die gemiddeld is beleggers huiwerig om te koop en bo die gemiddeld is beleggers optimisties oor die vooruitsigte.

Let daarop dat lyn A en die 50-dag- bewegende gemiddeld basies baie naby aan mekaar is. Dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Ignoreer die instrument onder 95 sent.

Die moontlike teikens na onder is: 1,07 (dollar); 1,09 (dollar); 1,11 (dollar); 1,13 (dollar); 1,14 (dollar); 1,15 (dollar); 1,16 (dollar); 1,18 (dollar); 1,20 (dollar); 1,23 (dollar); 1,24 (dollar); 1,26 (dollar); 1,28 (dollar); 1,29 (dollar); 1,31 (dollar); 11,33 (dollar) en 1,36 (dollar) is nie 'n onmoontlike teiken nie.

**Belangrike vlakke om dop te hou**
Indien die aandeel kopers lok bo lyn A, kan die aandeel dalk na: 1,07 (dollar); 1,09 (dollar); 1,11 (dollar); 1,13 (dollar); 1,14 (dollar); 1,15 (dollar); 1,16 (dollar); 1,18 (dollar); 1,20 (dollar); 1,23 (dollar); 1,24 (dollar); 1,26 (dollar); 1,28 (dollar); 1,29 (dollar); 1,31 (dollar); 11,33 (dollar) en 1,36 (dollar).

**Tegniese opinie en strategie**
Vir beleggers – koop of gaan lank bo lyn A (1,05), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik 1,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Gevolgtrekking**
Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

**Opsomming**
Koop of gaan lank bo 1,05, maar gebruik 1,00 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

**Vrywaring**
Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

*Nuusweek* en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

**Frans de Klerk**
*Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com*
*Tel: 082 900 9996*



SOLIDARITEIT

# WERKSGIDS

Bekom vandag nog jou droompos op **www.solidariteit.co.za**.
Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info

## Bou & Ambagte

**Junior Tegnikus / Meulwerker** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Bloemfontein | Sluit 30/05/2026

**Junior Tegnikus / Meulwerker** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Upington | Sluit 30/05/2026

**Gekwalifiseerde Elektrisiën** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Faerie Glen, Pretoria | Sluit 30/05/2026

## Finansiële Dienste

**Finansiële Klerk** – GBDx3 | Meyerton | Sluit 31/05/2026

**Finansiële Assistent** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Bloemfontein | Sluit 31/05/2026

**Finansiële Adviseur** – VIC Financial Solutions | Gqeberha | Sluit 31/05/2026

**Rekenmeester** – Nadia Cronje & Associates | Florida Glen, Roodepoort | Sluit 31/05/2026

**Senior Rekenmeester / Rekeningkundige Bestuurder** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Stellenbosch | Sluit 01/06/2026

## Gesondheidsorg & Maatskaplike Dienste

**Kliniese Assosiaat** – Integrated Virtual Care | Riviera, Pretoria | Sluit 31/05/2026

**Verantwoordelike Apteker** – Weskus Apteke Pty Ltd | Vredenburg | Sluit 01/06/2026

## Professionele, Besigheids, Gemeenskap & Tegniese Dienste

**Admin Clerk** – All Star Placements | Johannesburg | Sluit 31/05/2026

**Legal Secretary** – Perfect Placement Recruitment | Brooklyn, Pretoria | Sluit 31/05/2026

**Senior Administratiewe Beampte** – Die Kampus Trust | Pretoria | Sluit 31/05/2026

**Administratiewe Assistent** – Centred Alchemists t/a Jacques Velleman Business Coaching | Mosselbaai | Sluit 31/05/2026

**Kantoor- en Bedryfskoördineerder** – NiteCoreSA | Waterkloof Ridge, Pretoria | Sluit 31/05/2026

**Kantoor Administrasie** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluit 01/06/2026

**Hoof van Bemarkings en Sosiale Media** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Menlo Park, Pretoria | Sluit 01/06/2026

**Tak Bestuurder** – Werfnet (Edms.) Bpk. | Wesselsbron | Sluit 01/06/2026

## Verkope, Komersiel en Handel

**Klerewinkel Bestuurder** – Parkas Suid Afrika | Centurion | Sluit 31/05/2026

**Besigheidsontwikkelings / Senior Verkoops Spesialis** – GBDx3 | Meyerton | Sluit 31/05/2026

**Sales Representative** – Hearing Healthcare (Afrikaans Speaking) – The Sales Recruiters | Durbanville, Kaapstad | Sluit 01/06/2026

**Tegniese Verkoopsverteenwoordiger** – Elchemie Recruitment | Northriding, Randburg | Sluit 01/06/2026



Sportberigte saamgestel deur Liezil van der Schyff

# Pumas kraai koning teen die Griekwas in Kimberley




Carlos Alcaraz

Die Airlink Pumas het hul SA Beker-titel verlede naweek suksesvol teen die Suzuki Griekwas in Kimberley verdedig met 'n naelskraapse 38-35-oorwinning ná bykomende speeltyd. Die besoekers het teen rustyd gemaklik met 28-7 voorgeloop nadat hulle vier drieë teenoor die Griekwas se een gedruk het, terwyl die tuisspan ook Dylan Maart met 'n rooi kaart moes afstaan.

Tydens die tweede helfte het die Griekwas teruggeveg met drie onbeantwoorde drieë om die telling gelykop te maak, waarna bykomende speeltyd toegelaat moes word. Die Pumas het egter weer beheer geneem toe die plaasvervanger-losskakel Danrich Visagie 'n belangrike drie en strafdoel aangeteken het om sy span se voorsprong te vergroot.

Die Griekwas het in die doodsnikke van die kragmeting nog 'n drie na 'n dryfmaalbeweging gedruk om die punteverskil tot drie punte te laat krimp, maar die Pumas se verdediging het onder groot druk staande gebly om 'n geskiedkundige oorwinning te verseker. Daarmee het die span van Mpumalanga die eerste span geword om die SA Beker vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen.



# RCB slaggereed om titel te verdedig

Die verdedigende kampioen, die Royal Challengers Bengaluru (RCB), het tydens Dinsdag se uitspeelwedstryd in die Indiese Premierliga (IPL) met 'n 92-lopie oorwinning oor die Gujarat Titans na die eindstryd van vanjaar se toernooi deurgedring.

Kaptein Rajat Patidar was die groot held wat 93 lopies van net 33 balle bygedra het, insluitend vyf viere en nege sesse. RCB het 'n reusetotaal van 254/5 in hul toegelate 20 boulbeurte aangeteken.

Verder het die Indiese krieketheld Virat Kohli 43 lopies van 25 balle aangeteken, terwyl Devdutt Padikkal 30 lopies kon behaal. Krunal Pandya het die kersie op die koek gesit met 43 van 28 balle.

Die Titans is daarna vir net 162 uitgeboul, met die Nieu-Seelander Jacob Duffy wat met 'n boulsyfer van 3/39 uitgestaan het. Hul beurt het rampspoedig begin toe die aanvangskolwer Sai Sudharsan sy paaltjies per ongeluk met sy eie kolf raakgeslaan het.

Rahul Tewatia het darem weerstand gebied met 'n dapper 68 van 43 balle, maar die teiken was eenvoudig net te groot.

In Woensdag se uitspeelwedstryd het die 15-jarige Indiese krieketsensasie Vaibhav Sooryavanshi met 'n meesterlike beurt van 97 lopies van net 29 balle gehelp dat die Rajasthan Royals vir Sunrisers Hyderabad met 47 lopies kon klop.

Dhruv Jurel het die momentum behou met 'n vinnige 50 lopies van 21 balle, hoewel Sunrisers die Royals in die laaste vyf boulbeurte beperk het tot 36/5. Rajasthan het uiteindelik 'n totaal van 243/8 in hul 20 boulbeurte aangeteken.



*Vaibhav Sooryavanshi*

Tydens die Sunrisers se jaagtog het Jofra Archer vir Abhishek Sharma vir 'n nulletjie uitgehaal met blitsvinnige boulwerk van meer as 150 km/h. Archer het ook van die gevaarlike Travis Head en Ishan Kishan ontslae geraak.

Die jong draaibouler Yash Raj Punja het nog 'n groot deurbraak gemaak toe hy vir Heinrich Klaasen been voor paaltjie betrap het vir 18 lopies.

Sunrisers is uiteindelik vir 196 uitgeboul, met Sooryavanshi wat heel gepas die laaste vangskoot benut het om 'n onvergeetlike aand vir die tienersensasie af te sluit.

RCB het met hul oorwinning oor die Gujarat Titans vir die eindstryd gekwalifiseer, terwyl die Titans nog 'n tweede kans kry teen die Rajasthan Royals met daardie kragmeting wat vandag om 16:00 begin.

Die wenner van vandag se kragmeting sal dan teen die Royal Challengers Bengaluru in Sondag se eindstryd in Ahmedabad speel, met die eerste bal wat om 16:00 geboul word.





# Blitsbokke reg om weer te pronk

Die Blitsbokke moes op die nippertjie ’n verandering aan hul groep maak vir die HSBC Sewes Wêreldkampioenskapstoernooie wat vandag in Valladolid, Spanje en volgende week in Bordeaux, Frankryk plaasvind. Nadat Ronald Brown weens ’n besering onttrek het, is Ricardo Duarttee as plaasvervanger opgeroep en hy het saam met die span na Europa vertrek.

Die Blitsbokke se afrigter, Philip Snyman, het vroeër reeds vir Gino Cupido en Dewald Human teruggeroep na die groep. Verskeie spelers wat nie vir die toer gekies is nie, sal die volgende twee naweke vir uitnodigingspanne in Europese sewestoernooie speel.

Die Suid-Afrikaners het reeds hierdie seisoen toernooie in Kaapstad, Perth, Vancouver en New York gewen en verlede maand ook hul eerste Hongkong-titel ingepalm. Nou wag ’n moeilike uitdaging egter in Spanje, waar die wêreld se topagtspanne sowel as vier kwalifiserende spanne teen mekaar sal meeding om hul plek in volgende seisoen se reeks te verseker.

Suid-Afrika is saam met Australië, Kenia en Groot-Brittanje in hul groep ingedeel, terwyl die Springbok-vrouesewesspan, wat ook in Spanje in aksie sal wees, teen Australië, Fidji en die VSA sal kragte meet.

Terwyl die rondomtaliewedstryde vanmiddag en môreoggend in Valladolid beslis word, begin die eerste uitspeelwedstryde môremiddag om 14:49, terwyl die halfeindstryde vir die mans- en vrouegroep op Sondag 31 Mei vanaf 10:00 beslis sal word.

## Valladolid Sewes-bepalings

**Vrydag 29 Mei:**

10:00 VSA V teen Fidji V

10:22 Australië V teen Suid-Afrika V

**10:44 Nieu-Seeland M teen Uruguay M**

**11:06 Argentinië M teen Duitsland M**

11:28 Japan V teen Brasilië V

11:50 Nieu-Seeland V teen Argentinië V

**12:12 Australië M teen Kenia M**

**12:34 Blitsbokke teen Groot-Brittanje M**

12:56 Kanada V teen Spanje V

13:18 Frankryk V teen Groot-Brittanje V

13:40 Fidji M teen Frankryk V

**14:02 Spanje M teen VSA M**

14:29 VSA V teen Suid-Afrika V

14:51 Australië V teen Fidji V

**15:13 Nieu-Seeland M teen Duitsland M**

**15:35 Argentinië M teen Uruguay M**

16:02 Japan V teen Argentinië V

16:24 Nieu-Seeland V teen Brasilië V

**16:46 Australië M teen Groot-Brittanje M**

**17:08 Blitsbokke teen Kenia M**

17:40 Kanada V teen Groot-Brittanje V

18:02 Frankryk V teen Spanje V

**18:24 Fidji M teen VSA M**

**18:46 Spanje M teen Frankryk M**

**Saterdag 30 Mei:**

10:00 Fidji V teen Suid-Afrika V

10:22 Australië V teen VSA V

10:44 Brasilië V teen Argentinië V

11:06 Nieu-Seeland V teen Japan V

11:33 Spanje V teen Groot-Brittanje V

11:55 Frankryk V teen Kanada V

**12:17 Uruguay M teen Duitsland M**

**12:39 Argentinië M teen Nieu-Seeland M**

**13:01 Kenia M teen Groot-Brittanje M**

**13:23 Blitsbokke teen Australië M**

**13:50 Frankryk M teen VSA M**

**14:12 Spanje M teen Fidji M**

# Uitdaag- en Kampioene-beker kry staanplek; VRK staan einde se kant toe




Montpellier Hérault Rugby het verlede Vrydagaand die Europese Uitdaagbeker-titel ingepalm nadat hulle vir Ulster Rugby met 59-26 in Bilbão, Spanje, vermorsel het. Die voormalige Engelse agsteman Billy Vunipola was een van die sterre van die wedstryd en het ook een van Montpellier se nege drieë gedruk.

Ulster het vroeg in die kragmeting voorgeloop, maar Montpellier het teen rustyd met 26-12 voorgeloop.

Saterdagmiddag het die Bordeaux Bègles hul Kampioenebeker-titel suksesvol verdedig deur vir Leinster Rugby ook in Bilbão met 41-19 te klop. Die vleuel Louis Bielle-Biarrey het twee drieë gedruk, terwyl kaptein Maxime Lucu 21 punte met sy skopskoen bygedra het.

Die Franse span het reeds teen rustyd 'n reusevoorsprong van 35-7 opgebou nadat Bielle-Biarrey twee keer gaan druk het, gevolg deur 'n besoek agter die doellyn deur die senter Yoram Moefana. Lucu is later met 'n geel kaart gestraf vir gevaarlike spel, maar die Bordeaux-Bègles het steeds beheer uitgeoefen en nog twee strafdoele behaal.

Leinster, wat hul vierde eindstryd in die laaste vyf seisoene verloor het, kon net twee laat troosdrieë deur Joe McCarthy en Gary Ringrose behaal. Dié oorwinning bevestig ook die onlangse oorheersing van Franse klubs in die kompetisie, met spanne uit die Franse Top 14-liga wat sedert 2021 elke titel gewen het.

Intussen verskuif die aandag hierdie naweek terug na die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) met uitdagende kragmetings wat vir die Vodacom Bulls, DHL Stormers en Fidelity SecureDrive Lions voorlê.

Vir die medekaptein van die Vodacom Bulls, Ruan Nortjé, gaan die emosie môre hoog loop aangesien hy vir sy 150ste wedstryd vir die ligbloues teen Munster of Loftus Versfeld uitdraf, voordat hy sy rugbyloopbaan aan die einde van die VRK-seisoen in Japan gaan voortsit.

'n Brokkie goeie nuus vir die Kapenaars, wat Saterdag teen Cardiff Rugby te staan kom, is dat die Springbokheld Cheslin Kolbe volgende seisoen sy terugkeer na die Stormers maak, nadat hy weer by die Kaapse franchise aangesluit het as deel van hul ambisieuse Project 2029.

Die 32-jarige agterspeler het 49 wedstryde vir die Stormers gespeel voordat hy sy loopbaan in Frankryk en Japan voortgesit en internasionale roem verwerf het.

Volgens die Stormers se direkteur van rugby, John Dobson, is Kolbe se terugkeer na waar sy loopbaan begin het, 'n enorme hupstoot vir die franchise en dat hy nie net wêreldklas gehalte na die span bring nie, maar ook as mentor vir jong spelers dien.

Ongeag die uitslag van die Lions se kragmeting teen Leinster Saterdagaand, het die span van Johannesburg hul beste VRK-seisoen nóg in die kompetisie beleef deur vir die eerste keer na die uitspeelrondes deur te dring. Hulle sal gevolglik volgende seisoen in die Kampioenebekerliga te sien wees.

**VRK-Bepalings:**

**Vrydag 29 Mei**

20:45 Glasgow Warriors teen Connacht

**Saterdag 30 Mei**

13:00 Vodacom Bulls teen Munster

15:30 DHL Stormers teen Cardiff

21:00 Leinster teen Fidelity Secure-Drive Lions



# Gewilde Kaapstad-maraton nie sonder omstredenheid

Die Ethiopiese atleet Mohamed Esa het verlede Sondag geskiedenis gemaak by die Kaapstad-maraton toe hy dié wedloop in 'n rekordtyd van 2:04:55 gewen het, wat ook die vinnigste maratontyd nóg in Afrika is. Esa het voor sy landgenoot Yihunilign Adane (2:04:59) en die Keniaan Kalipus Lomwai (2:05:06) geëindig, met albei atlete wat persoonlike beste tye behaal het. Die legendariese maratonatleet en tweemalige Olimpiese kampioen, Eliud Kipchoge, moes egter met die 16de plek tevrede wees.

In die vrouewedloop het Ethiopië, weer eens, die podium oorheers toe Dera Dida Yami die titel in 'n tyd van 2:23:18 ingepalm het.

Intussen is die maraton onder die vergrootglas geplaas nadat 'n deelnemer na bewering onwettig by die elite mansgroep aangesluit het, wat vrae laat ontstaan het oor wedloopbestuur en atleetveiligheid. Die voorval het aandag op sosiale media getrek nadat beeldmateriaal gewys het hoe 'n atleet in 'n groen uitrusting voor die elitegroep, waaronder Kipchoge, gehardloop het.

Volgens die hardloopblogger Stuart Mann het Sihle Mapukata glo van die kantlyn af by die wedloop aangesluit eerder as om saam met die elite-atlete weg te spring. Mann het gesê die voorval was "heeltemal onwettig" en het gewaarsku dat dit ernstige gevolge vir die elite-atlete kon inhou.

Die Nedbank-hardloopklub se atleetbestuurder, Nick Bester, het bevestig dat Mapukata intussen geskors is en hy ook nie in die toekoms vir lidmaatskap by enige Nedbank-klub oorweeg sal word nie.

Ondanks kritiek bly steun vir die Kaapstad-maraton sterk onder plaaslike hardlopers en inwoners. Baie ondersteuners meen dat geïsoleerde voorvalle nie die sukses van die maratonnaweek of Kaapstad se strewe om 'n wêreldklas-maratonbestemming te word, moet oorskadu nie.

Volgens die organiseerders het die suksesvolle aanbieding van dié maraton Kaapstad se aanslag versterk om teen 2027 deel van die gesogte World Marathon Majors-reeks te word, wat wedlope in Londen, New York, Boston, Chicago, Berlyn, Sydney en Tokio insluit.



Dera Dida Yami



Mohamed Esa

